Ontmoetingsdiens

Votum

Seën

Lofpsalm: Ps. 9: 1; 7 & 10

1

Ek sal van ganser harte, HEER,

u wonders groot maak en U eer.

Ek sing omdat ek in U bly is,

aan wie my lofsang toegewy is;

7

Die HART van hul wat U bely,

sal in u Naam standvastig bly.

Dié wat U soek in stil vertroue,

is by U veilig en behoue.

10

Dan vind my tong weer nuwe stof,

in Sions poort meld ek u lof.

Dan sing ek bly van u genade,

so groot in nuwe reddingsdade.

Geloofsbelydenis

Verootmoediging en versoening

Wet van die Here: Eksodus 20

Antwoord op die Wet: Ps. 27: 1 & 6

1

God is my lig, my heil; ek sal nie vrees nie;
Hy is die HEER wat hulp verskaf in nood;
my lewenskrag, 'k hoef nie vervaard te wees nie,
want by die HEER is uitkoms teen die dood.
As bendes my omring, 'n wilde hoop
in woeste vaart op my kom aangeloop,
dan struikel hulle wat my vlees wou eet,
en stort terneer omdat hul God vergeet.

6

As ek op aard, deur soveel smart omgewe,
omring deur droefenis en dood en rou,
nie meer sou glo dat ek in hierdie lewe
die goeie van Gods hand nog sal aanskou-
dan het ek lankal in my druk versmag.

Wees sterk, my siel, wees altyd sterk en wag!

Die HEER sal hoor en op jou roepstem merk,

Hy sal jou weer met nuwe krag versterk.

Woorddiens

Gebed

Skriflesing: 1 Thessalonicense 4:13-18

Fokus: 1 Thessalonicense 4:13-14

Tema: Ons het die waarheid van God se Woord oor Christus se opstanding en wederkoms.

Hoe kan die sterflike mens die graf binnedring en die versekering en vrede vir sy hart vind? Van die Ou Testamentiese dae tot die hede het die mensdom probeer om die raaisel van die dood en die hiernamaals op te los. Filosowe het geworstel met die vraag. Spiritiste het probeer kommunikeer met diegene wat verder gegaan het.

In ons moderne wêreld het wetenskaplikes die ervarings ondersoek van mense wat beweer het dat hulle gesterf het en weer lewend geword het. Hulle het ook okkulte verskynsels bestudeer in die hoop om 'n idee te kry van die raaisel van die lewe na die dood.

Paulus het van die Heilige Gees ontvang en die probleem opgelos toe hy geskryf het: "*Want dit sê ons vir julle deur die woord van die Here*" (1 Thess. 4:15). Ons hoef nie te wonder oor die dood of die lewe na die dood nie, want ons het 'n openbaring van God in sy Woord. Waarom laat ons toe dat menslike spekulasie die goddelike openbaring van God se woord vervang?

Die openbaring oor die dood en die hiernamaals is nie tegelyk gegee nie, maar dit was deur die eeue soos die Bybelboeke geskrywe was al hoe duideliker gemaak. Baie kultusse gebruik verse uit die Psalms en Prediker om hul valse leerstellings te "bewys". Dit blyk dat hierdie verse leer dat die graf die einde is. Ander beweer of dat die siel "slaap" tot die opstanding. 'n Dwaalleer wat hieraan grens is die Roomse kerk se leer oor wat hulle "limbus" noem. Limbus is 'n standpunt rakende die omstandighede van diegene wat in erfsonde sterf sonder om aan die hel opgedra te word. Ons moet in gedagte hou dat God se openbaring geleidelik en progressief was en dat dit geklim het met die koms van Christus "*maar wat nou geopenbaar is deur die verskyning van ons Verlosser, Jesus Christus, wat die dood tot niet gemaak het en die lewe en die onverderflikheid aan die lig gebring het deur die evangelie,*" (2 Tim. 1:10). Ons kyk na Christus en die Nuwe Testament vir die volledige openbaring aangaande die dood.

God het Paulus 'n spesiale openbaring gegee oor die opstanding en die wederkoms van Christus (sien 1 Kor. 15: 51-54). Wat

Paulus geleer het stem ooreen met dit wat Jesus geleer het in Johannes 5: 24-29; 11: 21-27. God se openbaring is gebaseer op die historiese feit van Christus se opstanding. Hoor gerus wat Paulus o.l.v. die Heilige gesê het in 1 Kor. 1519-20: "*As ons net vir hierdie lewe op Christus hoop, dan is ons die ellendigste van alle mense. Maar nou, Christus is opgewek uit die dode; Hy het die eersteling geword van die wat ontslaap het.*" Aangesien ons Verlosser die dood oorwin het, hoef ons nie die dood of die toekoms te vrees nie. Die gesag van God se Woord gee ons die versekering en vertroosting wat ons nodig het.

Toe Paulus die leer oor die opstanding aan die Atheense filosowe verkondig het, het die meeste van hulle hom bespot. So lees ons in Hand. 17:32: "*Toe hulle van die opstanding van die dode hoor, het sommige begin spot, en ander het gesê: Ons sal u weer hieromtrent hoor.*" Vir die Grieke was hulle groot hoop om ontslae van die liggaam te raak. Waarom sou iemand sy liggaam wil laat opstaan? Hoe kan sy liggaam ook weer opgewek word wanneer die elemente van die liggaam verval en deel van die aarde word? Vir hulle was die leer van die opstanding dwaas en onmoontlik.

Wanneer Jesus Christus in die wolke terugkeer "*sal die Here self van die hemel neerdaal met 'n geroep*". Dan sal "*die wat in Christus gesterf het, eerste opstaan*" (1 Thess. 4:16). Dit beteken nie dat Hy die elemente van die liggaam weer sal saamvoeg nie, want die opstanding is nie 'rekonstruksie' nie. Paulus het betoog vir die opstanding in 1 Korintiërs 15:35-36. "*Maar iemand sal sê: Hoe word die dode opgewek, en met hoedanige liggaam kom*

hulle? Dwase mens! Wat jy saai, word nie lewendig as dit nie gesterf het nie." Hy het daarop gewys dat die opstanding van die menslike liggaam soos die groei van 'n plant uit 'n saad is. Die blom is nie die identiese saad wat geplant is nie, maar daar is kontinuïteit van saad tot plant. Christene sal verheerlikte liggame ontvang, soos die verheerlikte liggaam van Christus soos Fil. 3:20-21 sê, "*Want ons burgerskap is in die hemele, van waar ons ook as Verlosser verwag die Here Jesus Christus, wat ons vernederde liggaam van gedaante sal verander, om gelykvormig te word aan sy verheerlikte liggaam volgens die werking waardeur Hy ook alles aan Homself kan onderwerp.*" So ook 1 Kor. 15: 47-58. Die dooie liggaam is die 'saad' wat in die grond geplant word; die opstandingsliggaam is die 'blom' wat uit daardie saad kom.

Die feit dat Jesus uit die dood opgestaan het, bewys dat daar 'n opstanding is.
Drie unieke klanke sal by hierdie geleentheid betrokke wees: (1) die roepstem van die Here, (2) die geluid van die trompet en (3) die stem van ’n aartsengel. Jesus Christus sal met ’n groot stem roep net soos Hy buite die graf van Lasarus gedoen het (Johannes 11:43). Diegene wat in die grafte is, sal sy stem hoor. So lees ons in Johannes 5:28-29 wat sê, "*Moenie julle hieroor verwonder nie. Want daar kom ’n uur wanneer almal wat in die grafte is, sy stem sal hoor en sal uitgaan, die wat goed gedoen het, tot die opstanding van die lewe, en die wat kwaad gedoen het, tot die opstanding van die veroordeling*". Net so tussen hakkies: Die mense wat glo in die wegraping probeer Joh. 5:28-

29 verklaar as twee verskillende gebeure. Tog is dit duidelik dat Jesus hier gepraat het van een gebeur. Hy roep net een keer.

1 Korintiërs 15:52 vertel ook dat ons Here Jesus weer kom na die geluid van 'n basuin/trompet gemaak is. Die Joodse volk het trompette geken, omdat trompette gebruik is om oorlog te verklaar, om spesiale tye en seisoene aan te kondig en die mense vir 'n reis bymekaar te maak. Ons lees in Num. 10 oor die opdrag wat die volk gekry het om trompette uit silwer te maak. In die Romeinse Ryk is trompette gebruik om die aankoms van 'n groot persoon aan te kondig. Toe God die wet aan Israel gegee het, is die gebeurtenis voorafgegaan met die geluid van ’n basuin (Eks. 19: 18-20).

Waarom "*die stem van die aartsengel*"? Die enigste aartsengel wie se naam genoem word in die Bybel, is Michael in Judas 9, wat blykbaar 'n spesiale bediening aan Israel het (Dan. 10:21; Op. 12:7) Volgens Daniël 10:13 is daar meer as een aartsengel; dus kan ons nie seker wees dat dit Michael se stem sal wees nie. Die engele sal in elk geval deelneem aan die oorwinning as Jesus Christus kom.

Die roepstem van Christus, die engelstem en die trompet word geïnterpreteer as maniere om diegene wat in die dood slaap, op te wek en hulle op te hef om by die Here te wees. Hulle staan eerstens op, dit wil sê voordat die Christene wat nog leef, dan word hulle opgeneem om by die Here te wees en die Here in die

lug te ontmoet. Die beeld wat ons hier kry is die van 'n groep burgers wat uit 'n stad vertrek om 'n besoekende persoon te ontmoet en hom terug te vergesel. Dit impliseer dat die Here saam met sy mense na die aarde terugkeer. (Hulle bly beslis nie permanent op die wolke met siters nie!) Hierdie taal was waarskynlik nooit bedoel om letterlik verstaan te word nie; dit is om dinge wat woorde te bowe gaan, te beskryf. Die belangrikste is dat gelowiges, hetsy dooies of lewendes, van toe af vir altyd by die Here is.

Ons verneem in die Thessaloniese briewe van die klem op die wederkoms van Christus. Paulus het Christus se wederkoms tot redding vertel (1 Thess. 1: 9-10), diens (1 Thess. 2: 19-20), en stabiliteit (1 Thess. 3: 11-13). In hierdie paragraaf het hy dit met hartseer vertel, en hy het gewys hoe die leerstelling van Christus se wederkoms die gebrokenes van hart kan vertroos.

Paulus het die woord slaap toegepas op diegene wat gesterf het. Jesus het dieselfde uitdrukking gebruik (Johannes 11: 11-13). Paulus was presies met sy woorde: hy noem dat die gelowiges ontslaap, maar dat Jesus gesterf het. Die woord slaap word nie op Sy ervaring toegepas nie. Dit is omdat Hy gesterf het, dat ons nie die dood hoef te vrees nie.

Paulus het egter nie gesê dat die siel by die dood gaan slaap het nie. Hy het dit duidelik gemaak dat die siel van die gelowige by die Here gaan wees: "*dan sal God ook so die wat in Jesus*

ontslaap het, saam met Hom bring." (1 Thess. 4:14). Hy kan hulle nie bring as Hy weer kom as hulle nie by Hom is nie. Dit is nie die siel wat slaap nie; dit is die liggaam. Die Bybel se omskrywing van die dood word in Jakobus 2:26 gegee – "*Want soos die liggaam sonder gees dood is, so is ook die geloof sonder die werke dood.*" By die dood verlaat die gees die liggaam, en die liggaam gaan slaap en funksioneer nie meer nie. Die gees sal by die Here wees as die persoon in Jesus Christus geglo het. "*Ons is vol moed en sou liewer ons verblyf in die liggaam wil verlaat en by die Here gaan woon.*" (2 Kor. 5:8).

Wanneer sal hierdie gebeurtenis plaasvind? Niemand weet dit nie, en dit is verkeerd om datums vas te stel. Die feit dat Paulus die voornaamwoord "*ons*" in 1 Tessalonisense 4:15,17 gebruik het, dui daarop dat hy verwag het dat hy lewend sou wees wanneer die Here terugkom. Teoloë noem dit die leer van die immanente wederkoms van Christus. Dit beteken dat dit op enige oomblik kan gebeur. Hierdie groot gebeure sal plaasvind "*in 'n oomblik, in 'n oogwink*" (1 Kor. 15:52).

Die Christelike leer van die opstanding verseker ons dat die dood nie die einde is nie. Die graf is nie die einde nie. Die liggaam gaan slaap, maar die siel gaan by die Here. As die Here terugkom, sal Hy die siel met hom saambring, die liggaam in heerlikheid verhoog en liggaam en siel in een wese verenig om sy heerlikheid vir ewig te deel.

Antwoorddiens

Gebed

Slotsang: Ps. 16: 1 & 5

Strofe 5 word in Handelinge 2:31 en 13:35 met verwysing na Jesus Christus gebruik.

1

Bewaar my tog, o God, op wie 'k vertrou!

Ek skuil by U, my toevlug in die lewe.

Daar is vir my, in wat die oog aanskou,

geen goed bo U, so eind'loos hoog verhewe.

En wie op aarde-U ken en vrees, o HERE,

húl noem ek groot, hul is my roem en ere.

5

U sal my siel nie oorgee in die dood,

my pad buig op langs skone heuwelrye.

U sal nie toelaat dat u gunsgenoot

verderwing sien in donker doodsvalleie.

By U is ewig vreugde-en volle vrede,

en in u hand 'n snoer van lieflikhede.

Seën